

Hoofstuk van die dag: Psalm 131

Ek het rus en kalmte gevind. (vers 2)

Die prentjie wat Dawid in hierdie psalm vir ons teken, lyk darem baie anders as ons eie gejaagde, rustelose bestaan, nie waar nie? “Ek het rus en kalmte gevind,” sê Dawid. Blykbaar

was daar ook ’n tyd waarin hy, soos ons, dit nié gehad het nie. Maar nou is dit verby. Nou het Dawid rus en kalmte, omdat hy ontdek het: ’n mens wat op homself ingestel is, is in ’n doodloopstraat. “Selfverheffing en hoogmoed” noem hy dit (vers 1).
God is in beheer. Hy sal sorg vir vandag, vir môre, vir klere, gesondheid, veiligheid, reën … Hy beskik daaroor, nie die mens nie. Dít is wat Dawid ontdek het. Daarom kon hy sê (vers 1): “Ek maak my nie besorg oor groot dinge nie, dinge wat bo my vermoë is. Ek het rus en kalmte gevind.”
Dit is wat ware geloof is: om rus te vind in God en in volkome vertroue en afhanklikheid van God te lewe. “Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is …” sê Jesus in Matt 5:3. Só ’n mens voel geborge en gekoester by God, soos ’n kindjie wat by sy moeder tevredenheid gevind het (vers 2).
Wag dan op Hom (vers 3)!

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026